112/2/2

MAATSKAPLIKEWERKERS-VERENIGING VAN SUID-AFRIKA
SOCIAL WORKERS' ASSOCIATION OF SOUTH AFRICA

Tel No : 0531-26237 (W)
0531-21802 (H)
Faks No: 0531-28212

POSBUS 287
KIMBERLEY
8300

Ons verwysing
Our reference 49/4

Die Sekretariaat
"Veelparty Samesprekings"
Wêreldhandelsentrum
KEMPTON PARK
1620

Geagte Meneer

**BOODSKAP VAN MAATSKAPLIKEWERKERS-VERENIGING VAN SUID-AFRIKA**

Die Hoofbestuur van die Maatskaplikewerkers-vereniging van Suid-Afrika het tydens sy jaarvergadering op 4 en 5 Mei 1993 te Kempton Park sy diepe kommer uitgespreek oor die huidige onrustige en geweldadige omstandighede en klimaat in Suid-Afrika en die smart en lyding wat vir baie mense hiermee gepaard gaan. Daar is waardering vir die baie positiewe inisiatiewe wat gedoen is en gedoen word, en vertrou word, verder sal ontwikkel. Dit is egter so dat dienslewering deur maatskaplike werkers negatief beïnvloed word, omdat baie kliënte juis as gevolg van die omstandighede, dienste moet ontbeer wat slegs verdere swaarkry en gebreke veroorsaak.

Feitlik alle mense word deur die krisissituasie in ons land geraak en dit lei tot grootskaalse ontberinge, werkloosheid en verarming. Die Maatskaplikewerkers-vereniging van Suid-Afrika distansieer hom van geweld en doen daarom 'n beroep op alle partye om by te dra tot kalmte en 'n atmosfeer en omstandighede wat groei, ontwikkeling en verbeterde maatskaplike funksionering kan bevorder.

Deurdat Maatskaplike Werk as professie veral gemoeid is met onderlinge verhoudinge, is dit dan ook in hierdie opsig dat daar gewerk moet word. Verdraagsaamheid, aanvaarding, nuwe gesindhede, begrip en 'n bereidwilligheid om na mekaar te luister, moet gekweek word. Leiers moet voorgaan in voorbeeld, gesagstrukture moet eerbiedig en in stand gehou word sodat 'n gevoel van sekuriteit kan ontwikkel. Dit sal almal aanspoor tot betrokkenheid, betrokkenheid bring begrip en begrip bevorder liefde en eensgesindheid.

Dit kan nie toegelaat word dat versteurde verhoudings verder alle sfere van ons samelewing ontwrig en ons mense blootgestel word aan steeds groter onsekerheid, verarming en hartseer nie. Saam met so baie besorgdes glo en vertrou die Maatskaplikewerkers-vereniging van Suid-Afrika dat ons verhoudinge in ons land sal herstel sodat billikheid, regverdigheid en geleenthede elkeen se deel sal wees. Ons herhaal graag ons beroep op elkeen om hiervan 'n werklikheid te maak.

2/ .........

Sukses met u groot taak in belang van al die mense van ons mooi land.

..................

MNR J PETZER : NASIONALE SEKRETARIS

JP/hp

NS. Boodskap ook op 7/5/93 aan u gefaks.